# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 13 29 Maart 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENS VANDAG

Ds. Lourens du Plessis lei vanoggend die erediens. Vanaand se erediens word deur ds. Jan-Louis Lee gelei.

*Ons bid hulle die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord.*

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie

***By die deure:*** **Deputate Jeugsorg**
Doel: Ondersteuning vir die werksaamhede van die Deputate Jeugsorg.

## DIENSBEURTE

**Sondag 29 Maart**
**Oggend: Wyke 20 & 21**
*Oudle:* Péter Wassenaar
Wian van Staden

*Diakens:* Braam Smith
Deon van der Merwe
Leon Haasbroek
Phillip Fourie



**Aand: Wyke 22 & 23**
*Oudle:* Theo le Roux
Chris Swanepoel
*Diakens:* Kenneth Boy
David Kleyn

## BYBELSTUDIE

Die Bybelstudie open weer op Donderdag 9 April 2026.

## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 29 & 11 o.l.v. Christien Agema en Emzy Venter nooi u hartlik uit om te kom skink, drink en kuier na die erediens.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Vrydag 09:00** Goeie Vrydag

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot sy lof in die vergadering van sy troue dienaars"* *Psalm 149: 1*

*Sondag 29 Maart*
Santie Alberts 082 452 1126
Meinsje Stronkhorst (8) 083 675 3198
Adéle van Eyssen 082 710 7173

*Maandag 30 Maart*
Elmarie Erasmus 083 304 6204

*Dinsdag 31 Maart*
Ester Boshoff 082 376 2236

*Donderdag 2 April*
Nicolene Rossouw 082 650 4516

*Vrydag 4 April*
Martha van Rooyen 079 895 3725

*Sr. Santie Alberts vier Sondag haar 83ste verjaarsdag en sr. Martha van Rooyen vier Vrydag haar 81ste verjaarsdag. Hartlik geluk. Mag die Here se genade en liefde elke dag vir julle genoeg wees en mag Hy julle ryklik seën.*

## BAIE DANKIE

*Hannes en Marié de Beer* en hulle familie wil graag baie dankie sê vir almal wat verlede Sondag gehelp het toe Hannes tydens die oggenddiens flou geword het. Julle is waarlik 'n barmhartige geloofsfamilie.



*Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.*
*Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*
*Romeine 8:37-39*

## MEELEWING

Met blydskap maak ons bekend dat *Pieter Zwemstra* Saterdag 4 April in die huwelik tree met Stephanie du Plessis. Mag die Here julle huwelik ryklik seën en mag julle 'n baie gelukkige huwelikslewe tegemoet gaan.
084 676 0617

*Carina van der Dussen* 082 374 2780 het 'n delikate operasie aan haar hand ondergaan. Ons bid dat die Here die operasie sal seën en dat jy spoedig die gebruik van jou hand kan terug kry.

Ons bid steeds vir *Jannie Erasmus* , wat nog steeds in die intensiewe sorgeenheid is, krag en genade toe vir elke dag. 082 437 7188

*Ons is saam met Julihanna le Roux 082 854 4219* dankbaar dat sy nou tuis aansterk. Ons bid jou volkome beterskap toe.

Ons innige meelewing met *Anet le Roux* wie se broer Donderdagoggend oorlede is. Mag die Here jou en jou familie vertroos en versterk in hierdie hartseer tyd. 066 542 1274

Ons bid ook vir *Wilco* 072 464 7773 en *Hanlie* 072 464 7773 *Louw* en sy familie krag en sterkte toe. Wilco se pa is baie ernstig siek met lewerkanker. Mag God julle vashou in die holte van sy Vaderhand en julle vertroos en versterk.

*Annette Coetzer* 082 652 1939 sterk tuis aan nadat sy in die hospitaal was met 'n erge inflammasie. Ons vertrou dat jy sommer gou heeltemal gesond sal wees.

## BEROEPENUUS

**Beroepe ontvang**
Ds FF (Frikkie) Deysel van GK Venterstad na GK Odendaalsrus

Proponent MC (Clerence) Langa na Reformed Family Worship Church, Ndaleni KZN

**Beroep aanvaar**
Ds AP (Peet) van der Westhuizen van GK Wolmaransstad na GK Krugersdorp-Wes/ Magaliesburg

## ORRELIS

Ons neem aan die einde van April afskeid van *Sr Ansie Wichmann*, wat vir meer as 10 jaar die orrelis in ons gemeente was. Ons wens haar die Here se seën en versorging toe in die nuwe lewensfase wat sy betree en ons is haar dankbaar vir die diens wat sy gelewer het oor die jare - nie net met begeleiding van lofprysing en kerkmusiek nie, maar ook met talle spesiale geleentheide, Kerssang-dienste, en ander. Op die regte tyd sal ons op gepaste manier dankie sê en afskeid neem.

Intussen het die Kerkraad vir *Sr Hanlie Bekker* aangestel as orrelis vanaf 1 Mei 2026. Hanlie is tans die orrelis by GK Rooihuiskraal en sy bring 'n baie indrukwekkende ervaring van nie net orrel- en kerkmusiek nie, maar ook as tjellis. Ons sien daarna uit om Hanlie in ons midde te verwelkom.

## PREDIKANT MET VERLOF

Ons wens ds. Jan-Louis en Willemien en hulle kinders 'n aangename rustydjie toe. Hulle gaan tot Woensdag bietjie weg.






## HERFSHARTLIKHEID



Verlede Saterdag het ons weer die voorreg gehad om ons gemeente se seniors te trakteer met 'n heerlike Herfshartlikheid. Die lidmate het om elfuur kom aansit aan mooi gedekte tafels en ons is eers getrakteek op pragtige sang van 'n ma en dogter. Hulle het pragtige en vrolike liedere saam gesing en ons het dit voorwaar geniet.

Daarna het ons gesmul aan 'n heerlike bord kos en slaai en vir nagereg was daar roomys en malvapoeding. Altyd 'n wenner.


Die seniors het baie lekker saam gekuier en die saal het gedreun. So kon ons weer ons geloofsbande versterk.

Baie dankie aan Rina Steenkamp en die Senior Vriende Komitee en in besonder aan Ronelle Berry wat alles so mooi gereël het.

Die seniors sien al reeds uit na die Lentefunksie in Oktober.

## *PROGRAM VIR APRIL*

3 April: 09:00 Goeie Vrydag Erediens by ons kerk
9 April: Bybelstudie open
12 Aril: Katiksasie open
13 April: Klassis Oostelike Pretoria
14 April: Jeug van Gister
23 April: Diakensvergadering



## ONS IS ONTSAGLIK BEVOORREG

*Hebreërs 10:19-25*

Ons kan in die teenwoordigheid van God verskyn. Ons kan saam met ander gelowiges na sy Woord luister, saam bid en God loof in die erediens.

Nee, dit is nie vanselfsprekend nie. Ons sonde maak dat ons eintlik in skaamte moet wegkruip ... maar die jubeling van die evangelie is dat Christus ons kom vrykoop het op die slawemark van die sonde. Daarom het ons nou met vrymoedigheid vrye toegang tot die heiligdom, tot God se teenwoordigheid. In die ou verbond kon slegs die hoëpriester in die heiligdom agter die voorhangsel ingaan, maar nou het die ewige Hoëpriester gekom: Deur sy offerbloed het hy vir ons die weg gebaan tot in God se hart. Deur sy reddingsdaad keer die voorhangsel ons nie meer nie. Deur sy kruisdood het ons nou vrye toegang.



ns is nou nuwe mense op die weg wat na die lewe lei. Om te lewe, moet jy asemhaal en groei. Daarom moet die gelowige hom oefen om geestelik asem te haal. Die samekomste van die gemeente is juis ’n geleentheid daarvoor. Deur nie hierdie vrye toegang te gebruik nie, vertrap jy Christus se werk. Die “hoe” van jou erediensbywoning is belangrik:

Kom met ’n opregte hart, met belydenis van eie skuld en die smagting na die verlossing deur Christus.

Kom met volle geloofsekerheid met die wete dat Christus jou skoongewas het.

Kom om medegelowiges aan te spoor tot liefde en goeie dade. Jy is so bevoorreg om jou in die erediens saam met die gemeente in die teenwoordigheid van die Here te kom stel, nie omdat jy dit verdien nie, maar omdat Hy jou die voorreg van vrye toegang gegee het. Gebruik dit!

*Ds RG Aucamp (Roelie) (emeritus)*






## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**OUDL. SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No.
9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan

*"Geloof is nie 'n noodwiel nie, dis die stuurwiel van ons lewe.*
*Geloof is 'n daaglikse reis saam met die lewende God.*
*Daar bestaan nie so iets dat jy God net per geleentheid kan dien nie. Of wanneer daar nou en dan 'n gaaitjie in jou oorvol dagboek is nie. By God is dit of alles of niks!*

*~ Stephan Joubert ~*